# HOËRSKOOL EDUPLEX

## Geskiedenis
## GRAAD 8

**Eksaminator**: me K de Beer
**Moderator**: mnr J Minnie
**Taalversorger**: me C Coetzee

**Tyd**: 1½ uur
**Totaal**: 100
**Datum**: 11 November 2016

**Instruksies :**

1. Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.
2. Nommer jou antwoorde presies soos op die vraestel.
3. Lees elke vraag deeglik voordat jy jou antwoord formuleer.
4. Beantwoord al die vrae.
5. Gebruik duidelike sinne en paragrawe vir korter antwoorde. Gebruik geordende paragrawe vir opstelle.

**AFDELING A: KORTVRAE**

**VRAAG 1: INDUSTRIËLE REVOLUSIE**

1.1 Bestudeer Bron A en Bron B en beantwoord die volgende vrae:

> 'Engeland is sal nie vry wees nie totdat die armes toegelaat word in die gemeenskaplike grond te werk en te plant, sodat hulle net so gemaklik kan lewe soos die landeienaars wat in hul omheinde plase bly. ' Gerrard Winstanley April 1649

*Bron A*

> 'Die kleinste kinders in die fabrieke het soos aasdiere onder die masjiene gewerk terwyl dit aan was, om klein stukkies katoen op te tel. Dit was baie gevaarlik maar hulle het vinnig gewoond geraak hieraan.'
>
> Charles Aberdeen, gewerk in 'n katoenmeul gedurende 1832

*Bron B*

1.1.1 Watter gedeelte verwys na 'n stedelike gebied? (1)
1.1.2 Watter gedeelte verwys na 'n plaaslike gebied? (1)
1.1.3 Verduidelik waarom dit gevaarlik was vir die kinders om onder die masjiene te werk? (2)
1.1.4 Vergelyk die twee bronne en verduidelik die verandering wat gedurende die Industriële Revolusie plaas gevind het. (2)
1.1.5 In Bron A word daar gepraat van omheinde plase en gemeenskapsgrond. Verduidelik hierdie twee konsepte. (2)

1.2 Watter gebeurtenis het die Industriële Revolusie in Suid Afrika begin? (1)

1.3 Verduidelik hoe Kimberley, die grootste myndorp geword het.
Verwys na die term; 'Een mens, een Kleim'. (3)

1.4 Watter rol het Barney Benato en Cecil John Rhodes in die diamantmark gespeel? (3)

[15]

**VRAAG 2: KOLONISASIE**

2.1 Voltooi die tabel oor die veranderinge wat in Afrika gebeur het met voor- en na-kolonisering.

Skryf slegs die vraag nommer en antwoord in jou antwoordboek.

| **Afrika voor kolonisasie** | **Afrika na kolonisasie** |
|---|---|
| Sosiaal:<br>**4.1.1**<br>**4.1.2** | Sosiaal:<br>**4.1.3**<br>**4.1.4** |
| Polities:<br>**4.1.5** | Polities:<br>**4.1.6** |
| Ekonomies:<br>**4.1.7** | Ekonomies:<br>**4.1.8** |

(8)

2.2 Pas die sinne in kolom A by die korrekte einde in kolom B. Skryf slegs die vraagnommer en antwoord in jou antwoordstel.

| | Column A | | Column B |
|---|---|---|---|
| 2.2.1 | Die Berlynse Konferensie was in Berlyn Duitsland gehou om... | A | die Europese magte se ryk |
| 2.2.2 | Die proses waar 'n land oorgeneem word met geweld… | B | was Brittanje |
| 2.2.3 | Die kolonies het deel geword van… | C | te besluit hoe Afrika verdeel gaan word tussen die Europese magte |
| 2.2.4 | Die land wat die meeste kolonies gehad het… | D | Was nogsteeds onhafhanklik |
| 2.2.5 | Leopold II het Afrika as een groot koek beskryf… | E | word 'Kolonisasie' genoem. |
| | | F | omdat Europa baie van partytjies hou |
| | | G | wat maklik opgesny en verdeel kan word |

(5)

2.3 Verskaf twee redes waarom Europa, Afrika so vinnig kon koloniseer. (2)

[15]

**VRAAG 3: DIE EERSTE WêRELD OORLOG**

3.1 Kies uit die onderstaande lys, die lande wat aan die geallieerde kant geveg het:

Rusland; Oostenryk-Hongarye; Turkye; Frankryk; Duitsland; VSA; Brittanje (4)

3.2 Watter jaar het die "Eerste Wêreld Oorlog" begin en geëindig? (2)

3.3 Verduidelik waarom die Eerste Wêreld Oorlog nie so genoem was gedurend en net na die oorlog nie. (2)

3.4 Lys die vier langtermyn oorsake van die Eerste Wêreld Oorlog. (4)

3.5 Bestudeer Bron C en antwoord die volgende vrae:

"Ek onthou hoe daar 'n belangrike Hongaarse dame my gebel het by 11 Dowiningstraat en my vertel het hoe ons die sluipmoord van die aartshertog te ligtelik op neem. Sy het vertel hoe dit groot oproer veroorsaak in die Oostenrykse ryk en dat as daar nie iets gedoen word nie gaan dit defnitief 'n oorlog teen Serwië gaan veroorsaak. Sy het ook vertel hoe die oorlog groot nagevolge vir die hele Europa sal inhou. Die offisiele verslae het wel nie haar standpunt gemotiveer nie.

- "The War Memoirs of David Lloyd George", 1914

*Source C*

3.5.1 Benoem die Aartshertog waarna die bron verwys. (1)

3.5.2 Verduidelik waarom die aartshertog van Oostenryk vermoor is. (2)

3.5.3 Gavrillo Princip was die moordenaar. Noem die terreur-groep waaraan hy behoort het. (1)

3.5.4 Het Engeland deel geword van die oorlog na die sluipmoord? Motiveer jou antwoord. (2)

3.6 Lees die onderstaande stellings en besluit of die stellings waar of onwaar is. Korrigeer die stelling indien onwaar.


3.6.1 Engeland het propaganda gebruik om mans te motiveer om harder te werk. (2)

3.6.2 Diensplig is 'n wet wat van toepassing was op mans tussen die ouderdomme van 18 -45. (2)

3.6.3 Die geallieerdes het die oorlog van die begin af gewen. (2)

3.7 Verskaf een woord wat België se posisie verduidelik voor die begin van die oorlog. (1)

3.8 Bestudeer die foto en antwoord die vrae wat volg :




3.8.1 Gee die funksie van die objekte by B . (1)

3.8.2 Noem en beskryf die nagevolge van A. (2)

3.8.3 Skryf 'n sin wat die gevoel van die soldate beskryf. (2)


[30]

**AFDELING A TOTAAL: [60]**

**AFDELING B: LANG VRAE**

**VRAAG 4: INDUSTRIëLE REVOLUSIE**

4.1 Bestudeer die onderstaande foto en beantwoord die vrae wat volg:




4.1.1 Skryf ‘n paragraaf wat die verandering in Suid Afrika na die ontdekking van diamante verduidelik. (5)

4.1.2 Dink jy swart mense was regverdig behandel gedurende die diamant stormloop? Motiveer jou antwoord deur na feitelike inligting te verwys. (5)

[10]

---

**VRAAG 5: KOLONISASIE**

5.1 Skryf ‘n paragraaf waarin jy die volgende vraag beantwoord:

Hoekom het die nuwe grense in Afrika dit makliker gemaak vir Afrika om gekoloniseer te word? (3)

5.2 Beskryf in jou eie woorde waarom hierdie tydperk as die “Afrika Stormloop” bekend staan. (3)

5.3 Bestudeer die spotprent op die volgende bladsy en beantwoord die vrae:

5.3.1 Wat sê die spotprent oor die houding wat Europa gehad het teenoor Afrika? (2)

5.3.2 Dink jy die Europeërs het Afrika opsetlik sleg behandel?

Motiveer jou antwoord. (2)





*Vertaling: Onthou die Koloniale Uitstalling*

[10]

---

**VRAAG 6:DIE EERSTE WêRELD OORLOG**

6.1 Bestudeer die onderstaande spotprent en beantwoord die volgende vrae:




6.1.1 Waarom word daar vir Duitsland gesê " Jy sal sluk, of jy daarvan hou of nie!" (1)

6.1.2 Noem die vier pille wat Duitsland moes sluk. (4)

6.2 Lees die volgende gedig en beantwoord die volgende vrae:

Dulce Et Decorum Est

*Bent double, like old beggars under sacks,*
*Knock-kneed, coughing like hags, we cursed through sludge,*
*Till on the haunting flares we turned our backs*
*And towards our distant rest began to trudge.*

*Gas! Gas! Quick, boys! – An ecstasy of fumbling,*
*Fitting the clumsy helmets just in time;*
*But someone still was yelling out and stumbling,*
*And flound'ring like a man in fire or lime. . .*

*Dim, through the misty panes and thick green light,*
*As under a green sea, I saw him drowning.*
*In all my dreams, before my helpless sight,*
*He plunges at me, guttering, choking, drowning.*
*If in some smothering dreams you too could pace*

*Behind the wagon that we flung him in,*
*And watch the white eyes writhing in his face,*
*His hanging face, like a devil's sick of sin;*
*If you could hear, at every jolt, the blood*

*Come gargling from the froth-corrupted lungs,*
*Obscene as cancer, bitter as the cud*
*Of vile, incurable sores on innocent tongues,*
*My friend, you would not tell with such high zest*
*To children ardent (14) for some desperate glory,*
*The old Lie; Dulce et Decorum est*
*Pro patria mori.*

Wilfred Owen – Geskryf op 8 Oktober 1917 en Maart 1918

6.2.1 Wat is jou opinie oor die lewensomstandighede wat die soldate ervaar het gedurende die Eerste Wêreld Oorlog. Gebruik die gedig om jou antwoord te motiveer. (1)

6.2.2 Veronderstel jy is 'n geskiedkundige wat navorsing doen oor die loopgraaf-oorlog gedoen het. Sou jy die gedig gebruik het as 'n betroubare bron?

Motiveer jou antwoord. (2)

6.2.3 Wat beteken die laaste paar reels van die gedig?
Hoekom eindig die gedig op hierdie manier? (2)

6.3 Beantwoord die volgende vraag in paragraaf formaat. Onthou dat punte gegee word vir formaat en feitelike inligting.
Die Verdrag van Versailles het die skuld van die Eerste Wêreld Oorlog totaal op Duitsland geplaas.
Wat is jou opinie oor die regverdigheid van hierdie besluit?
Verwys na die volgende om jou antwoord te motiveer:

- Die begin van die Eerste Wêreld Oorlog.
- Die straf wat Duitsland ontvang het. (10)

[20]

---

**[AFDELING B TOTAAL: [40]**

**GROOTTOTAL: [100]**